

## PREEKSKETS MARKUS 1:16-20 & HEBREËRS 12:1-3

Jesus roep na elkeen van ons: **“KOM HIER! KOM SAAM MET MY...”** Nou kan ons die groot vraag vra: **HOEKOM JESUS?** Hoekom nie ook Boeddha, of enige ander denkrigting of godsdiens nie?

In Markus 1 het Jesus begin doen waarvoor Hy gekom het. Hy het God se uitverkore kinders wat verlore is gesoek en hulle weer deel begin maak van God se huisgesin... Hy het begin om deur die krag van die Heilige Gees die Nuwe Testamentiese (NT'se) kerk bymekaar te maak. Meer letterlik staan hier in die oorspronklike taal: *“Kom agter my aan!”* Dit is 'n baie sterk bevel.

Die woord wat regdeur die Nuwe Testament (NT) gebruik word om iemand wat aggee op Jesus se bevel, is die woord: DISSIPEL. Met ander woorde diegene wie Jesus bymekaar maak om sy kerk te wees, is dissipels van Jesus. Ook, die plaaslike gemeente is 'n gemeenskap van dissipels van Jesus. Om te lewe, is vir hulle: Christus!

### HOEKOM JESUS?

As die Hebreërskrywer aan 'n klomp Christene skryf wat die Ou Testament (OT) van voor tot agter goed geken het, gebruik hy die OT om 'n duidelike prentjie van Jesus Christus te skets... van wie Hy werklik is. Al God se kinders se hoop en verwagtinge, al God se beloftes word waar in die ewige Koning, in die hoogste Profeet en die volmaakte Hoëpriester: Jesus Christus. Nadat hy in fyn besonderhede geskryf het hoe die hele OT in Jesus gestalte kry en die geloofshelde van die OT beskryf het, skryf hy en vestig hy hulle harte en oë **“op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof.”** (Hebreërs 12:1-3)

Jesus het nie maar net op 'n dag opgedaag en iets nuuts begin leer nie. Hy is dié Hoogtepunt waarop God se hele plan van verlossing met sy skepping uitloop. *“Hy bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie.”* (Handelinge 4:12)

Eendag, nadat Hy duisende mense met 'n paar broodjies en vissies gevoed het, het almal van Jesus af weg geloop, toe vra Jesus sy dissipels: *“Wil julle nie ook weggaan nie?”* Waarop Petrus geantwoord het: *“Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee. En ons glo vas en ons weet dat U die Heilige van God is.”* (Johannes 6:68-69)

As Jesus vanmôre ons elkeen ontmoet, waar ons ook nou in ons lewens is... en Hy vir ons elkeen opnuut roep: “*Kom hier! Kom saam met My...*”

Laat ons nie hardkoppig wees nie (Hebreërs 4:7). Laat ons nie al sy groot daade sien en beleef soos wat dit in die hele Bybel vir ons opgeskryf staan nie... Ja, Hy is die Heilige van God... die volmaakte Koning, Profeet en Hoëpriester....

## VIR VERDERE OORDENKING

In Hebreërs 11 lees ons van die OT'se geloofshelde wat seker was van dit waarop hulle gehoop het en oortuig was van dinge wat hulle nie gesien het nie.

1. Waarvan was hulle seker? (let veral op Hebreërs 11:13-16)
2. Waarvan was hulle oortuig, alhoewel hulle Hom nie gesien het nie? (Let veral op Hebreërs 11:24-26)
3. Lees die volgende Skrifgedeeltes en bespreek die rede hoekom JY Jesus wil volg:
  - Jesaja 53:5
  - Johannes 1:4
  - Johannes 5:24
  - Hebreërs 4:14-16
  - 1 Johannes 4:10